**12 Februarie** **Skrifgedeelte: Lukas 7:1-10**
**Fokusgedeelte: Lukas 7:9**

**’n Lig vir die nasies**

Jesus het nie net Jode gehelp en gesond gemaak nie. Ook heidene kom na Hom toe om hulp te vra. ’n Offisier soek hulp by Jesus omdat sy slaaf sterwend was. Die offisier was nie ’n Jood nie, en daarom stuur hy tussengangers om met Jesus te gaan praat. Met die genesing van hierdie slaaf sien ons dat Jesus ook gekom het as Verlosser van die heidene. Die genesings wat Jesus doen is ’n teken van die deurbraak van God se koninkryk. Dit is soos ’n venster waardeur ons ’n uitsig kry op God se totale verlossingswerk wanneer sy koninkryk in al sy heerlikheid sal kom. Hier sien ons dat sy koninkryk ook bedoel is vir die heidene.

Die toegang tot Jesus en die koninkryk is geloof, niks anders nie. Die offisier wat volgens die Jode “dit werd is” dat Jesus hom help, sê self: “… ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie.” Dit is geloof – die leë hand wat na Jesus uitgesteek word.

Dit is die enigste ware toegang tot Jesus Christus!

*Sing: Psalm 72:2, 7 (p. 360)* *Dr. F van der Walt (Bellville-Oos)*